



NOTAS				
VAK	AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL –Les 3	KWARTAAL	2	
	GRAAD 8	DATUM	WEEK 3	
 <p><b>AKTIWITEITE VIR DIE ONDERWYSER</b></p>	<b>VAARDIGHEDE</b> (WAT ek gaan onderrig / begelei / ondersteun ...)  Luister en Praat Lees en Kyk Skryf en Aanbied Taalstrukture en Konvensies	<b>ONDERRIGMETODOLOGIEË / BENADERING</b> (HOE ek gaan onderrig / begelei / ondersteun ...)  <i>Volgens die Aangepaste Leer en Onderrigplan. vir Gr 8 Afr EAT</i>	<b>Hulpbronne / LOOM</b> (WAT ek gaan gebruik om te onderrig / begelei / ondersteun ...)   Dui asb. bronne aan wat u tuis kan vind: tydskrifte, koerante, woordeboek.  <a href="https://images.app.goo.gl/BXTDgcMeM1RLwgGq5">https://images.app.goo.gl/BXTDgcMeM1RLwgGq5</a>	
	 <p><b>AKTIWITEITE VIR DIE OUER</b></p>	<i>Volgens die Aangepaste Leer en Onderrigplan vir Gr 8 Afr EAT</i>	Ouers kan leerders met die lesse help; selfs met die antwoorde op die vrae.	
	 <p><b>AKTIWITEITE VIR DIE LEERDER</b></p>	<b>Leerderaktiwiteite:</b> <ol style="list-style-type: none"> <li>Liewe Leerder, vandag gaan ons weer na 'n <b>spotprent kyk</b> wat <b>een van die visuele tekste</b> is wat jy moet kan ontleed. Ons gaan kyk na die boodskap wat die spotprent oordra asook die visuele elemente van 'n spotprent.</li> <li>Jy moet ook die informele assessering doen om te bepaal of jy die werk verstaan.</li> </ol>		

<b>VAK en GRAAD</b>	AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL– GRAAD 8
<b>KWARTAAL 2</b>	Week 3
<b>SKAKEL MET ONDERRIG- EN ASSESSERINGSPLAN</b>	Skakel met een aspek van <b>LEES EN KYK</b> , naamlik die <b>visuele teks</b> , wat deel is van <b>TAAK 8, Vraag 2.</b>
<b>DOELSTELLINGS VAN LES</b>	Die leerder gaan vaardighede aangeleer word om 'n spotprent te kan ontleed.
<b>INLEIDING</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Liewe Leerder, vandag gaan ons weer na 'n <b>spotprent kyk</b> wat <b>een van die visuele tekste</b> is wat jy moet kan ontleed. Ons gaan kyk na die storie wat die prent oordra. Spotprente leer ons om aandag te skenk aan detail. Wat is dus 'n spotprent? Die Engese woord vir 'n spotprent is 'n "cartoon". Ons vind spotprente selfs in koerante. Dit leer ons oor wat in die regte lewe gebeur. Ons leer lesse. Dit leer ons oor verhoudings en oor mense se aksies. Die spotprent dra 'n boodskap oor, Dit het slegs EEN raam ("frame") Spotprente het ook sekere visuele elemente. Nog steeds moeilik om te verstaan? Kom ons kyk na die wenke, die voorbeelde en die spotprent wat volg.</li> </ul>
<b>VAARDIGHEDE</b>	<p>Ons moet kyk na <b>al die visuele elemente</b>. Wat <b>sien jy alles?</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>Karakters (mense of diere). Wat doen hulle? Wat sê of dink hulle? Hoe lyk hulle? Hoe voel hulle? Karakters se woorde kom in 'n <b>spraakborrel</b>. Dit wat hulle dink, kom in 'n <b>denkborrel</b>. <b>Aksie</b> of <b>beweging</b> word met <b>strepies</b> aangedui. Ons kry dus <b>klankstrepies</b> en <b>bewegingstrepies</b>.</li> </ol> <p><b>Kyk na die volgende voorbeelde;</b></p>

**Spraakborrel**  
Dui aan dat die persoon praat.



**Denkborrel**  
Dui aan dat die persoon dink.



**Klankstrepies**  
Dui geraas of ander klanke aan. "Shows noise".



**Bewegingstrepies**  
Dui beweging "movement" aan.



**Liggaamstaal: woede**  
("angry") Dui aan dat die persoon kwaad is.



**Liggaamstaal: bly ("happy")**  
Dui aan dat die persoon bly is.



2. Waar vind die gebeure plaas? Is dit in 'n huis? Is dit buite? Is dit op die plaas? Is dit in die stad?
3. Wanneer vind die gebeure plaas? Is dit in die middag? Is dit winter? Hoe weet jy dit?
4. Wat sien jy ook? Skryf alles neer.
5. Wat dink jy is die boodskap van die spotprent?
6. Hoe voel jy oor sekere karakters? Hoekom?

Kan jy verstaan waarom jy aandag aan detail moet skenk?  
Die volgende vraag is op die volgende spotprent gebaseer.

Doen eers die volgende

**Vluglees** die teks: Lees **vinnig** en kyk **gou** waarom die teks handel.

**Soeklees** die teks: **Soek** vir spesifieke inligting.

**Aandagtige lees**: Kyk na al die inligting in die teks. Maak notas daaroor.

**Maak afleidings**: Dui aan hoekom jy dink sekere karakters so optree. Lei af deur op die teks te fokus.  
Afleidings is **assumptions**.

Lees wat **sê** die karakter of karakters. Kyk na die reaksie daarop. Kyk na die gesigsuitdrukkings.

**Soek vir voorbeelde van stereotipering: Stereotipering is hoe ons oor mense en dinge dink. Wat ons dink is nie noodwendig korrek nie. Hoe ons voel en dink, kom reeds 'n lang tyd aan.**

### Voorbeelde

Blondines word as dom voorgestel;

Oumense loop krom.



Bron: Die Burger, Desember 2018

Gasvryheid = Hospitality

Skryf neer al die dinge wat jy sien. Dit sal jou woordeskat uitbrei.

<b>AKTIWITEITE / ASSESSERING</b>	<p>Die volgende vragies, leerder, verwys na die spotprent. Vra 'n familielid om jou te help as jy sukkel. Beantwoord eers op jou eie voordat jy na die antwoorde kyk,</p> <p><b>Vuglees:</b> 1.1 Waar speel hierdie gebeure af? 1.2 Gee <b>twee redes</b> vir jou antwoord. (afleiding)</p> <p><b>Soeklees:</b> 2.1 Hoeveel kinders tel jy? 2.2 Waar is die vrou wat skottelgoed was se kind?</p> <p><b>Aandagtige lees:</b> 3.1 Wie veroorsaak die meeste chaos in die huis? 3.2 Hoekom sê jy so? (afleiding) 3.3 Hoekom, dink jy, veroorsaak hulle chaos? (afleiding)</p> <p><b>Ander afleidings:</b> 4.1 Hoe voel die grootmense wat op die sofa sit? (Dui twee emosies aan.) 4.2 Gee 'n motivering vir elke emosie. 4.3 Dink jy die vrou wat skottelgoed was, is gelukkig met die man se woorde? Motiveer jou antwoord deur twee redes neer te skryf. 4.4 Hoe weet ons dat die man op die sofa rook? 4.5 Hoe weet jy dat die dogtertjie langs die sofa die glas gooi? Hoe word dit visueel aangedui? 4.6 Hoe weet ons dat die mense baie geëet het?  4.7 Wie is Marina? 4.8 Hoe lank kuier die gaste al? Hoe weet jy dit?</p> <p><b>Kritiese taalbewustheid</b> 5.1 Hier kry ons 'n voorbeeld van stereotipering. Noem dit. 5.2 Hoe manipuleer die spreker die mense by wie hulle bly?</p> <p><b>Boodskap:</b> 6. Watter boodskap dink jy wil die spotprent oordra? <b>Eie opinie:</b> 7. Hoe voel jy oor die grootmense wat op die sofa sit?</p>
<b>KONSOLIDASIE</b>	<p><i>Hersien weer die notas indien jy antwoorde verkeerd het. Volgende keer sal dit beter gaan. Sterkte!</i></p> <p>Hier volg die antwoorde nou:</p> <p>1.1 Dis in 'n huis. 1.2 Die vrou en man was skottelgoed in die kombuis. Daar is gordyne. Die man lê op die sofa. 2.1 Daar is vier (4) kinders. 2.2 By die ma; klou aan haar vas. 3.1 Kinders. 3.2 Hulle maak geraas en gooi goed rond. 4.1 gelukkig ; ontspanne 4.2 Hulle glimlag; die vrou sit met haar voete op die poef en die man lê en rook. 4.3 Nee, sy lyk geskok. Hulle moet werk, terwyl die gaste nie help nie. 4.4 Die wolkies bokant sy kop. Het ook 'n sigaret in sy mond. 4.5 Die glas is in die lug. Die strepies dui dit aan.</p>

	<p>4.6 Die blik is oorvol. Die man moet help om die skottelgoed te was.</p> <p>4.7 Die man se vrou of sy vriendin.</p> <p>4.8 Een week. Die man praat van "nog 'n week" kuier.</p> <p>5.1 Vroumense se plek is in die kombuis. Mans is lui en hou daarvan om niks te doen nie, terwyl die vrou moet werk.</p> <p>5.2 Hy herhaal dat hulle gasvry is.</p> <p>6. Mense behandel ander mense sleg, alhoewel daardie mense hulle goed behandel.</p> <p>7. Hulle is lui. Hulle is onmanierlik. Hulle is die rede waarom die kinders so onbeskof is.</p> <p><i>Ek hoop dat jy die aktiwiteit geniet het. Baie sterkte met al die huiswerk wat jy moet doen.</i></p>	
<b>BRONNE</b> <b>(indien nodig)</b>	<b>Papiergebaseerde bronne</b>	<b>Digitale bronne</b>
	Gaan weer die gedeelte oor <b>die spotprent</b> in jou handboek na en doen die aktiwiteite daarvoor.	Tik <b>spotprente</b> in die Google soekenjin (as jy kan) en jy sal PowerPoint-aanbiedings daarvoor kry.